"Barend 1089"
P.K. Mopani,
N. Transvaal.
6. 2. 33.

Prof. Dr. L. Fouché.
Universiteit van Pretoria.
Pretoria.

Geagte Professor,

Heelwaarskynlik het u my al vergeet, maar as u 'n bietjie terug dink sal u u miskien nog kan herinner, dat ek een van u oud-studente is.

Terwyl ek in u klas was, het ons die Simbabwe Bou-valle behandel, en o.a. het u ons vertel dat die begraafplaas van die bewoners van Simbabwe nog nie gevind is nie, en toe het ek u mos vertel van 'n sodanige plek, waarvoor kaffers my van vertel het.

Nou het dit my geluk om die genoemde begraafplaas te vind. (Ek veronderstel natuurlik maar dat dit die begraafplek van Simbabwe is.) Daar is grafte wat lyk of dit miskien duisende jare oud kan wees. Daar is ook allerhande goue, koper en yster juwele en artikels. Natuurlik, die koper en yster is meestal vergaan. Onder aparte koevert stuur ek u 'n paar artikels, wat daar gevind word. Miskien sal u my beter verstaan, as u dit self sien.

Seinde dat daar baie goue artikels is, beskou ek die ontdekking as baie waardevol, en daarom neem ek ~~vrem~~ nou my toevlug tot u.

Kan u my nou asb. sê, wat so 'n ontdekking meer of min werd is, en wat se eis ek moet stel om 'n persoon die genoemde plek te gaan aan wys? Ook sal ek graag wil weet hoe ek in aanraking kan kom met persone, wat alles wetenskaplik kan ondersoek? Heelmoontlik is u die geskikste persoon om hierdie ontdekking te ondersoek en bekend te maak. Daarom sal ek graag dadelik van u wil hoor.

Hoogagtend,
U oud-student,
J. C. O. van Graan.

P.S. Ek sal bly wees, as u die inhoud van die pakkie weer vir my wil terug stuur, sodra u dit gesien het.